POLITIEKE KORREKTHEID

Saamgestel deur ***Roedolf Botha***

eKERK | TENDENS

INLEIDING

Hierdie tendensverslag handel oor politieke korrektheid. Dit fokus veral op hoe die konsep vandag gebruik word, asook die effek daarvan op vandag se kommunikasie in die verskillende sfere van die samelewing, veral in die media en sosiale media.

Ons wil heel aan die begin vra – aangesien hierdie tema die woord "politiek" bevat, en daarom sensitief is – dat die leser ons die voordeel van die twyfel sal gee terwyl daar gelees word. Daar word geensins in hierdie verslag gepoog om die een of ander politieke posisie te handhaaf, of te bevorder nie. Wanneer daar dus voorbeelde voorgehou word vanuit 'n "linkse" of "regse" perspektief, is die doel nie polities nie. Alhoewel ons almal dus ons vooroordele het, *ekerk* ook, het ons bloot net probeer om binne die perke van ons eie objektiwiteit die tema te hanteer met relevante voorbeelde.

Ons gaan dus probeer kyk na die implikasies wat politieke korrektheid op vandag se kerk en die samelewing uitoefen, asook moontlike riglyne oor hoe die Jesus-gemeenskap hiermee behoort om te gaan. Alhoewel die term "*politieke korrektheid"* 'n lang ontstaansgeskiedenis het, word die motief en doel daarvan vandag weergegee as "*die vermyding van taal, beleide of maatstawwe wat daarop gemik is om aanstoot te gee en nadelig in te speel op indiwidue en sekere minderheidsgroepe"* (Gibson 2016: ad. loc.). Google stel dit so (Dictionary s.a: ad loc.):

> (Political correctness is) *the avoidance of forms of expression or actions that are perceived to exclude, marginalise, or insult groups of people who are socially disadvantaged or discriminated against*.

Sleutelterme in die definisie van politieke korrektheid is dus: "taal", "aanstoot", "uitsluiting" en "minderheidsgroepe". Die belangrikste van hierdie vier woorde is dus "aanstoot", en veral die vermyding daarvan.

Alhoewel die oorsprong en aanvanklike motief van politieke korrektheid bo verdenking was, het die term vandag opsigself kontroversieel geword, aangesien dit deur partye van talle oortuigings gebruik word om hulle eie argumente te staaf of om opponente verdag te maak. Gevolglik meen baie mense vandag dat vryheid van spraak juis hierdeur ondermyn word.

So is Lyndsay Sheppard – 'n nagraadse student kommunikasielesing-assistent by die Wilfrid Laurier Universiteit in Ontario – onlangs deur die bestuurspersoneel van die universiteit ingeroep en berispe omdat sy 'n *Youtube*-video in haar klas gewys het van 'n debat tussen twee akademici waarvan een debatvoerder Jordan Peterson was. Sheppard se idee was bloot om twee kante van 'n beginsel uit te wys, waarna 'n gesonde bespreking in die klas sou kon plaasvind. Peterson het egter nie die politieke oortuigings van die universiteit verteenwoordig nie en is deur die universiteit beskou as 'n voorstaander van regse politiek (wat volgens Peterson self nie waar is nie). Sheppard is ernstig berispe en gemaan om nooit weer iets van Peterson in haar klas te wys nie, aangesien sommige van haar studente sou kon aanstoot neem (Wikipedia Sheppard s.a: ad. loc.).

Volgens die universiteit was Sheppard dus *polities inkorrek*. Sy het egter nie so gedink nie. Sy het gemeen sy bevorder vryheid van spraak en help studente om krities te leer dink.

Hoe moet ons dus nadink oor hierdie kontroversiële onderwerp? Hoe behoort ons die waters te navigeer tussen sensitiwiteit teenoor minderheidsgroepe aan die een kant, en vryheid van spraak en die fokus op waarheid aan die ander kant?

’n Blitsoorsig oor ’n wêreldwye tendens

Die term “politieke korrektheid” is nie so algemeen gebruik voor die tweede helfte van die vorige eeu nie (Wikipedia Political Correctness s.a: ad. loc.). In die eerste helfte van die 1900’s is die term meestal gebruik om te verwys na lojaliteit aan sekere ideologiese dogmas. So rapporteer die *New York Times* in 1934 dat Nazi Duitsland joernalistieke permitte slegs aan suiwer Ariërs uitgereik het wat “polities korrekte” oortuigings gehad het (Gibson 2016: ad. loc.). Van hier af sou die betekenis en gebruik van die term egter heelwat ontwikkel en evoleer. Ietwat later is die term deur die Sosialiste gebruik wat dit gebruik het om na die Kommunistiese Party te verwys wat in hulle eie oë altyd hulleself beskou het as korrek op alle politieke fronte (Kohl 1992: ad. loc.).

In die 1970’s het die *American New Left* begin om die term “polities korrek” te begin gebruik in vandag se terme, veral toe sommige antipornografie-bewegings begin poog het om vroulike seksualiteit te definieer (Willis 1992: 19). In die 1990’s het die term ook betekenis begin aanneem in akademiese kringe, veral met betrekking tot wat in universiteite geleer behoort te word. Die gebruik van die term op universiteitskampusse sou later ’n baie belangrike front word waarop die term vandag nog rondgeslinger word in gevegte tussen faksies. So beweer Robert McFadden (1991: ad. loc.):

> “*What has come to be called ‘political correctness’, a term that began to gain currency at the start of the academic year last fall, has spread in recent months and has become the focus of an angry national debate, mainly on campuses, but also in the larger arenas of American life*.”

Hedendaagse gebruik van die term

Vandag word die term “politieke korrektheid” meestal in twee opsigte gebruik:

Die *eerste* vorm van politieke korrektheid is ’n poging tot gesonde en sensitiewe gebruik van taal met die doel om onnodige pyn en aanstoot by minderheidsgroepe te voorkom. So word sekere woorde wat in die verlede vir onderdrukte vroue, anderskleuriges, seksuele minderheidsgroepe, en godsdiensgroepe gebruik is, vervang met terme wat heelwat sagter en meer respekvol op die oor val. So word gepoog om te kommunikeer op ’n manier wat mense hulle eie menswaardigheid laat behou. Daar is verskeie voorbeelde hiervan in die internasionale wêreld (Furness 2017: ad. loc.):

“Fireman” kan byvoorbeeld vervang word met “firefighter” (om vrouens in te sluit); “tramp” word “homeless person”; “chairman” word “chairperson”; “Blacks” word “African-Americans”; “forefathers” word “ancestors”, ensomeer.

In Afrikaans kan “prostituut” byvoorbeeld vervang word met “sekswerker”; “armes” met “ekonomies gemarginaliseerdes”; “homoseksuele mense” met “gays”; “swartmense” met “mense van kleur”; “man op straat” met “gemiddelde persoon”; “mannekrag” word vervang met “menslike hulpbronne” of “arbeidsmag”, om maar net enkele voorbeelde te noem.

Daar is egter ’n *tweede* vorm van politieke korrektheid wat te make het met sekere politiese of ideologiese vooroordele in die media. Hierdie vooroordele maak dan dat sekere harde realiteite verbloem kan word en sekere waarhede juis onderdruk kan word met sekere terme en taalgebruik. Sekere groepe word dan ongelukkig voorgetrek as gevolg van die keuses van die media en ander groepe word weer onderspeel na gelang van die vooroordele van die spesifieke mediagroep. So kan politieke korrektheid uitgebuit word deur ’n groep mense om eintlik onaangename kritiek te vermy en te onderdruk sodat nodige en belangrike transformasie nie kan plaasvind nie (Voorbeelde: s.a ad. loc.).

Heelwat voorbeelde hiervan kan genoem word (Hughes 2011 ad. loc.):

- ’n Skool in Seattle het die woord *Paaseiers* (“Easter eggs”) vervang met die woorde “*spring spheres”*, uit vrees dat nie-Christengroepe aanstoot mag neem.

- Die Raad van die Verenigde Koninkryk het die term "*brain storming"* vervang met *"thought showers"*, vanweë die moontlikheid dat mense wat aan epilepsie ly, aanstoot mag neem.
- 'n Personeelagentskap in die Verenigde Koninkryk was stomgeslaan toe hulle advertensie vir *betroubare* en *hardwerkende* mense verwerp is, aangesien dit kon aanstoot gee tot *onbetroubare* en *lui* mense.
- Sommige skole in die VSA mag nie meer van 'n *Kersboom* praat nie, maar gebruik eerder die term "*vakansieboom"* ("*holiday tree"*) sodat nie-Christene nie sal eksepsie neem nie.
- Om aanstoot te vermy, praat sommige ander instansies nie meer van mense wat oorgewig is nie, want hulle sê: "*Body structure is not important. Only how you feel about yourself is important. Everyone is individual, and all are beautiful*" (Voorbeelde s.a: ad. loc.).

Baie mense uit beide polities links- en regsgesinde oorde voel dat die bogenoemde gebruike van politieke korrektheid die samelewing eintlik nou nie meer help nie, aangesien dit vrye spraak sowel as broodnodige realisme beperk (Peterson 2018: ad. loc.). Indien 'n personeelagentskap byvoorbeeld nie meer betroubaarheid en hardwerkendheid kan voorhou as deugde wat die samelewing vooruit help nie, dan beskadig dit die samelewing self. Alles (soos om ernstig oorgewig te wees) is tog nie goed nie. Slegte of negatiewe dinge moet tog aan die kaak gestel word ter wille van die juiste mense wat 'n moontlike hartaanval tegemoed loop.

> ***"What has come to be called 'political correctness', a term that began to gain currency at the start of the academic year last fall, has spread in recent months and has become the focus of an angry national debate, mainly on campuses, but also in the larger arenas of American life."***

In hierdie opsig waarsku ander dus dat mens krities moet wees oor politieke korrektheid, aangesien dit in diens kan staan van enige ideologie, goeies sowel as slegtes (Ebersohn 2017: ad. loc.). In diens van 'n ongesonde ideologie kan dit weer self speel in die hand van die onderdrukker. So, beweer hy, was die Nazi-party in die tyd van Hitler aanvanklik ook 'n minderheidsgroep wat later polities korrek geword het. Dit was ook die geval met die regime van Stalin en in 'n mindere mate Noord-Korea!

Politieke korrektheid het egter ook 'n *tweede* negatiewe newe-effek: dit kan die samelewing meer en meer polariseer. Indien iemand byvoorbeeld nie saamstem met iemand se linksgesinde standpunt nie, word so 'n persoon daarvan beskuldig dat hy 'n rassis of Nazi moet wees (Foley 2017: xiii). Of indien iemand nie saamstem met 'n meer regsgesinde (behoudende) standpunt nie, word hy summier uitgekryt as 'n liberalis, Kommunis, of dat hy God en die Bybel verraai. Dis eenvoudig nie altyd waar nie.

Die Suid-Afrikaanse konteks

Politieke korrektheid is net so belangrik en op die voorgrond in ons land as enige ander plek in die wêreld. Dit raak moeilik om 'n mening in die publiek te lug wat nie ooreenstem met die politieke korrektheid van die dag nie. Ebersohn som dit mooi op (2017: ad. loc.):

> *The truth of the matter is that what constitutes political correctness depends on the society you are talking about. In most modern Western countries it seems to be a sort of left-leaning socialism cum liberalism. Within this framework, unions are good, Trump is bad, "race" as a word is taboo, policemen who shoot someone are automatically guilty and homeless Syrians should be allowed to flood into Europe.*
>
> *In South Africa, political correctness means falling in with a certain kind of thinking that has as its stated aim assisting all who were discriminated against by Apartheid, surely a noble cause. In this way of thinking, discriminating in favour of black people is upliftment, discriminating in favour of whites is racism, dismissed employees are automatically innocent of any wrong-doing, limiting the number of whites in the national cricket team is good, but insisting on one white in the national football team is only raised as a point of discussion by lunatics. I believe it is something that we will get over in due course.*

Cole stel dit so (2017: ad. loc.):

> *Although political correctness can combat discrimination and exclusion, at times it can get in the way of the truth.*

Baie in Suid-Afrika het oënskynlik genoeg gehad van die bisarre gebruik van politieke korrektheid, aangesien dit vooruitgang ondermyn. Met koerantopskrifte soos "To hell with political correctness in South Africa" (Burnett 2016: ad, loc.) en "Is it time to lose political correctness in South Africa?" (News24 s.a ad. loc), is dit duidelik dat baie mense tans min ooghare oor het vir wat hulle 'n kinderagtige vorm van politieke korrektheid noem.

Impak op kerkleiers

Daar is min magte wat vandag so kragtig inwerk op leraars en gemeentes as politieke korrektheid (Foley 2017: xiv). Predikante en pastore was nog nooit so versigtig voordat hulle praat nie. Dis natuurlik nie altyd sleg nie.

In 'n polities korrekte wêreld kan die Christelike geloof heel dikwels egter gesien word as die "hoofverdagte", aangesien ons vir baie spesifieke waardes en oortuigings staan. Ons het baie spesifieke standpunte oor dinge soos kerk, regering, menswees, seksualiteit, Godsbegrip, gay-wees, ander godsdienste en ongeloof. Dit beteken dat die kans baie goed is dat ons boodskap soms direk gaan indruis teen die gees van ons tyd, en dat ons sodoende gesien kan word as polities inkorrek (Foley 2017: xi-xii).

Wat dus dikwels sleg is, is dat baie gemeentes besig is om die krag van hulle sout te verloor (Matt 5) omdat hulle voel dat sekere temas "off limits" is. Heelwat leraars voel dat dit vir hulle al hoe moeiliker raak om oor Jesus as die opgestane Here te praat (omdat sommige wetenskaplikes die opstanding aflag), of Jesus as die enigste weg na God (omdat dit diskriminerend voorkom), of seksualiteit (omdat die transgender-debat so sensitief is).

“The truth of the matter is that what constitutes political correctness depends on the society you are talking about. In most modern Western countries it seems to be a sort of left-leaning socialism cum liberalism.”

Wat kan die kerk doen?

1. **Leer ons mense dat taal heilig is en dat ons daarom moet let op hoe ons praat**. Johannes sê Jesus is die Logos van God! Hy is God se stem. Hy is God se taal! God het die wêreld geskep deur middel van taal en spraak. Taal is die agent van God. God wil kommunikeer, hy wil oortuig en lewe spreek. Daarom praat Hy met ons! Beter nog: Daarom stuur Hy die Logos. Ons kan slegs oor God dink en praat deur die simboliek van taal. Daarom sê Eugene Peterson dat taal opsigself heilig is! Met taal skep ons of ons breek af! Met taal spreek ons lewe of spreek ons dood, meen die Spreukeskrywer.

   Iets soos die sogenaamde "k"-woord wat in die apartheidsjare gebruik is en vandag nog op sommige mense se lippe leef, is geheel en al onaanvaarbaar. Ons moet inderdaad veg vir minderheidsgroepe en mense wat op die een of ander manier ongeregtigheid beleef of geviktimiseer word. Ons moet opkom en ons lewens gee vir die weduwees, armes, onderdruktes. En dit moet uitdrukking kry in hoe ons praat.

2. **Ons mag egter nie meedoen aan die skep van 'n liggeraakte slagoffer-kultuur nie** (Foley 2017: 253). Liggeraaktheid is geen deug nie. Paulus sê "…*liefde is nie liggeraak nie*" (1 Kor 13:5). Om aanstoot te neem is geen geestelike of morele oorwinning nie maar Bybelsgesproke eerder die vrug van onvolwassenheid. Dit is net geestelike babas wat gedurig huil oor alles en wat in emosionele bloeiers verander wanneer hulle 'n skrapie opdoen. Om sensitief te wees oor wat ons sê, en om in liefde te praat is uiters belangrik. Ons het egter nie die luukse om altyd vir mense te sê wat hulle wil hoor nie. Ons mag nie slagofferskap propageer in die naam van geregtigheid nie. Wanneer ons meedoen aan 'n kultuur wat gedurig vir minderheidsgroepe die boodskap gee dat hulle maar kan skree en rumoer wanneer hulle nie hulle sin kry nie, help dit geensins die samelewing nie. So word die "slagoffer" verhoog tot 'n bevoordeelde posisie terwyl die party aan die ander kant gedemoniseer word as 'n onderdrukker. Hiervoor kan ons tog nie staan met 'n skoon gewete nie (Foley 2017: 153). Ons doen niemand 'n guns wanneer ons gedurig hulle gevoel dat hulle slagoffers is, ondersteun nie. Dan bring ons nie bevryding met ons taal nie, maar skep ons slegs 'n nuwe tronk. Dan doen ons mee aan die skep van 'n liggeraakte, vervelige en humorlose samelewing waar almal op eierdoppe moet loop uit vrees vir die volgende uitbarsting of bevlieging van aanstoot.

   Nietzche is bekend vir sy woorde: "*O save me from the unfortunate!*" Sy bedoeling daarmee was juis dat indien mense hulleself eers as slagoffers sien en hulle 'n geviktimiseerde identiteit aangeneem het, hulle uiteindelik self ook militant en aanmatigend word.

3. **Neem eerder verantwoordelikheid vir jou lewe.** Om liggeraak op te tree, kan 'n manier word waarop ons agter ons slagofferskap skuil. Dan word dit 'n wyse waarop ons ons menslike verantwoordelikheid ontduik. Wanneer ons nie verantwoordelikheid neem vir ons toestande en lewensbestemmings nie, en ander gedurig blameer, verklein en verminder ons juis ons vermoë om ons lot te verander (Foley 2017: 254). Dit hou ons ook weg van selfkennis, aangesien jy nooit jouself bevraagteken en dieper oor jouself dink nie, maar eerder ander blameer.

4. **Die evangelie-boodskap is goeie nuus vir onderdruktes, maar is nie altyd polities korrek nie**. Ons kan slegs polities korrek wees solank as wat dit die

waarheid en liefde dien. So bevrydend soos wat die boodskap van Jesus egter is, is dit belangrik om net weer opnuut te besef dat dit juis die konfronterende en sonde-ontblotende aard van die goeie nuus is wat die bevryding bring. Die sondaar wil tog nie hoor dat hy sonde doen nie. Wanneer hy egter wel gehoor gee, dan bring dit 'n vryheid en vrede wat alle verstand te bowe gaan.

Jesus was beslis nie polities korrek toe Hy die tempel gereinig het nie (Luk 19:45-46). Beslis ook nie toe Hy vir sy volgelinge gesê het dat hulle sy vlees moet eet en sy bloed moet drink nie (Joh 6:55-56, 65-66). Hy was ook nie polities korrek toe hy die skrifgeleerdes en Fariseërs uitgekryt het as 'n addergeslag nie (Matt 23)! Die rede was dat Jesus 'n profeet was en dat 'n profeet juis die korrupsie en selfsug van sy eie kultuur behoort te ontbloot en ontmasker. 'n Profeet het nie die luukse om te wonder wie gaan aanstoot neem en wie nie. So ook behoort die kerk Jesus se profetiese bediening voort te sit. Ook die profete in die Ou Testament het baie selde 'n gewilde boodskap gehad. 'n Profeet het selde 'n polities korrekte boodskap. Hoe gaan ons dus ooit ons profetiese stem behou wanneer ons terselfdertyd polities korrek wil wees?

Daarom beweer Paulus self (1 Kor. 1) dat die kruis van Jesus 'n skande vir die Jode is en onsin vir die Grieke. Ons boodskap gaan nie altyd vir die wêreld sin maak nie. Ons moet dus dikwels bereid wees om ongewild te wees. Dit beteken nie dat ons nie wys moet wees nie (Kol 4:5). Dit impliseer ook nie dat ons nie strategies moet wees en "*street wise*" in ons optrede moet wees nie. Jesus het self gesê dat ons so opreg soos duiwe moet wees en so versigtig soos slange (Matt 10). Ons het inderdaad baie wysheid en fyn aanvoeling nodig. Wysheid is egter nie noodwendig dieselfde as politieke korrektheid nie. Ons profetiese stem moet gehoor word.

5. **In 'n individualistiese wêreld moet gelowige mense mekaar herinner dat God se stem sentraal staan en nie ons as individue s'n nie**. Nog 'n sentrale boodskap van die Bybel is juis dat die individu nie sentraal staan nie, maar God alleen. Kommunikasie gaan dus nie in die eerste plek oor wat vir ons as Westerse individue goed, gemaklik of veilig klink nie. Dit gaan altyd oor wat God wil hê ons moet verstaan, of dit vir ons aanstootlik klink, of nie. Soms het ons – soos Dawid van ouds – 'n Natan nodig wat vir ons sê: "Jy is die skuldige," of ons dit nou wil hoor, of nie. In teenstelling hiermee fokus 'n slagofferkultuur, wat uiters sensitief raak vir aanstoot, al die aandag op homself (Foley 2017: 254). Die status van slagoffer word eintlik in heelwat polities korrekte kringe begeer en die status van die onderdrukker só geminag dat sommige praat van "*competitive victimhood*" (Foley 2017: 254).

6. **Leer ons mense om te onderskei tussen sentiment en liefde**. Daar is 'n groot en belangrike verskil tussen sentiment en liefde. Sentiment sê altyd net vir iemand wat hy/sy wil hoor. Sentiment wil die ander ten alle koste net laat goed voel. Dis nie liefde nie. Liefde is veels te geïnteresseerd in die waarheid en die welweë van die persoon met wie hy praat. Daarom sê sy wat sy moet ter wille van die groei en vordering van die ander persoon. Hoor hoe vertaal Eugene Peterson Filippense 1:10:

   > *Learn to love appropriately. You need to use your head and test your feelings so that your love is sincere and intelligent, not sentimental gushing*.

   Liefde wat opreg en intelligent is, heg dus soveel waarde aan die ander persoon, dat ons mekaar die waarheid verskuldig is. Die inhoud van ons woorde behoort dus nie

bepaal te word deur wat die ander persoon gaan aanstoot gee of nie, maar wat die ander nodig het om te hoor, sodat hulle kan floreer.

7. **Maak ruimte vir nuanses en hou op polariseer**. Dis baie maklik om te dink dat iemand anders se oortuiging dom of diskriminerend klink wanneer jy nie in diepte luister nie. Dan hanteer ons altyd mense wat nie met ons saamstem nie as die vyand. Op hierdie manier maak ons karikature van alle teenstanders se opinies, en polariseer ons ons samelewing nog verder.

> ***Om aanstoot te neem is geen geestelike of morele oorwinning nie maar Bybelsgesproke eerder die vrug van onvolwassenheid. Dit is net geestelike babas wat gedurig huil oor alles en wat in emosionele bloeiers verander wanneer hulle ŉ skrapie opdoen.***

Wanneer ons egter intensief na die ander begin luister, mag ons dalk agterkom dat daar meer in sy standpunt steek as wat ons aanvanklik gedink het. Ons mag dalk steeds nie saamstem nie, maar ons kan ten minste ŉ brug bou na mekaar deur die ander persoon die belewenis te gee dat ons verstaan wat hy/sy sê. So kan ons ŉ volwasse en respekvolle samelewing kweek wat mekaar ag en respekteer ten spyte van verskille.

SHURE®
PG58

Bronnelys:

- Burnett, S 2016 To hell with “political Correctness”. Found at https://www.thesouthafrican.com/to-hell-with-political-correctness/
- Cole, A 2017. Political Correctness: United States vs South Africa. Found at https://southafrica.roundearthmedia.org/political-correctness-south-africa
- Ebersohn, W 2017. *South Africa, Political correctness and the thriller*. Found at http://www.wesselebersohn.com/south-africa-political-correctness/
- *Eleven exmaples of political correctness gone mad*. Found at http://www.hitc.com/en-gb/2011/10/07/11-cases-of-political-correctness-gone-mad/
- Foley P Michael 2017. *The Politically Incorrect guide to Christianity*. Regnery Punblishing. USA.
- Furness, David. 2017. Discover 100 politically correct word and phrases. Found at https://bnp.org.uk/politically-correct-words/
- Gibson, Caitlin 2016. "*How 'politically correct' went from compliment to insult*". Washington Post. Retrieved 7 October 2017. Washington Post.
- Google Dictionary – *Definition of Political Correctness*. Found at https://www.google.co.za/search?q=political+correctness&rlz=1C1GGRV_enZA751ZA751&oq=political+correctness&aqs=chrome..69i57j0l5.10000j1j8&sourceid=chrome&ie=UTF-8
- Kohl, Herbert (1992). "*Uncommon Differences: On Political Correctness, Core Curriculum and Democracy in Education*". *The Lion and the Unicorn*. **16**(1): 1–16. doi: 10.1353/uni.0.0216. Retrieved 10 November 2015.
- McFadden, Robert D. (5 May 1991). "*Political Correctness: New Bias Test?*". The New York Times.
- News 24 2017. *Is it time to lose political correctness in South Africa?* Found at https://www.news24.com/MyNews24/is-it-time-to-lose-political-correctness-in-south-africa-20170710
- Peterson J 2018. *Jordan Peterson debate on the gender pay gap, campus protests and postmodernism*. Found at https://www.youtube.com/watch?v=aMcjxSThD54
- Philippians 1:10 – The Message. Found at https://www.biblegateway.com/passage/?search=Philippians+1&version=MSG
- Weinstein, Arthur – *Ten examples of political correctness gone wild*. Found at https://listosaur.com/politics/10-examples-political-correctness-gone-wild/
- *What are some examples of political correctness?* Found at https://www.quora.com/What-are-some-examples-of-political-correctness
- Wikipedia – *Lyndsay Sheppard*. Found at https://en.wikipedia.org/wiki/Lindsay_Shepherd
- Wikipedia – *Political Correctness*. Found at https://en.wikipedia.org/wiki/Political_correctness
- Willis E, "Toward a Feminist Revolution", in *No More Nice Girls: Countercultural Essays* (1992) Wesleyan University Press, ISBN 081955250X, p. 19.

Ekerk Navorsing wil leiers en organisasies help om versigtig te luister, vinnig te leer en voluit te leef.

Deel van hierdie inisiatief is om elke maand 'n nuwe tendens te publiseer - iets wat die wêreld aan die gons het, en wat ons kan help om 'n groter impak op die koninkryk van God te kan maak. Jy kan hierdie verslae gratis aflaai, en dit gebruik net waar en hoe jy wil. Maak ook seker om aan ons nuutste opname deel te neem, of om ekerk sprekers te nooi om van ons navorsing te kom aanbied in seminaar vorm.

www.ekerk.org
info@ekerk.org

—

Kopiereg 2017 ***Ekerk Vereniging***

EKERK
Jesus - sigbaar, voelbaar, verstaanbaar